FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

ENBRITE
ELEKTRIESE MPY.
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXII — 23 AUGUSTUS 1967 — No. 18

*Intervarsity:*

## PUNTESTELSEL WORD DALK DEFINITIEF

**„DIE puntestelsel wat vanjaar vir die eerste keer met Intervarsity toegepas is, het in 'n groot mate bygedra tot beter prestasies en meer belangstelling in die mededinging tussen die verskillende sportsoorte," het mnr. Dawie Smith, voorsitter van die S.S.B. in 'n onderhoud gesê.**

**In die afgelope Intervarsity het die P.U. 105 punte behaal en U.O.V.S. 87. Die Pukke se punte behaal in Tennis (25), Manshokkie (12), Judo (14), Korfbal (14), Tafeltennis (14), Stoei (14), Gholf (8) en Skaak (4). Die Kovsies se punte het gekom van Rugby (45), Dameshokkie (12), Sokker (18), Skaak (4) en Skynhof (8).**

Volgens die puntestelsel verower 'n universiteit al die punte van 'n sportsoort indien die eerstespan die wedstryd wen. Die punte wat elke sportsoort tel, is toegeken volgens die deelname en belangstelling in die verskillende sportsoorte.

**EKSPERIMENTEEL**

Die puntestelsel, wat vanjaar slegs op eksperimentele basis gegeld het, is nog nie deur die Studenteraad van U.O.V.S. goedgekeur nie, hoewel die stesel vooraaf aan verskillende studenteleiers bekend gestel is. Die studentemassa van U.O.V.S. is ook nie voor Intervarsity oor die puntestelsel ingelig nie.

**VERSKIL**

Na verneem word is daar verskil van mening oor die puntestelsel onder die Kovsies. By geleentheid van 'n onthaal na die Intervarsity het die Studenteraadsvoorsitter van U.O.V.S., mnr. J. V. du Plessis hom teen die stelsel uitgespreek. 'n Paar dosente van U.O.V.S. wat met sport gemoeid is, het hulle by die geleentheid sterk ten gunste van die stelsel verklaar.

**Mnr. Smith het gesê dat die Intervarsity getoon het dat die puntestelsel die geesdrif in die verskillende sportsoorte aanmerklik verhoog. Daar sal gepoog word om die puntestel vanaf volgende jaar op 'n meer definitiewe basis in te stel.**

## RUGBYUNIE GEE REDE VIR HOëR TOEGANGSGELDE

**Tydens die onlangs gehoue Intervarsity het menige student skeef opgekyk toe daar by die hekke van Olënpark 'n hoër toegangsfooi gevorder is as die normale tien sent. Nadat daar navraag gedoen is aangaande hierdie stap van die Wes-Transvaal Rugbyunie, het 'n beampte van die Unie die volgende aan ons verslaggewer meegedeel:**

Dit was in die verlede die gebruik van die Wes-Transvaalse Rugby-unie om aan die rugbyklubs van P.U. 'n jaarlikse donasie te maak, welke donasie grootliks moontlik gemaak is deur die Interkollege- en Intervarsity-wedstryde wat op Olënpark gespeel word. Op 'n onlangs gehoue vergadering het die bestuur van die W.T.R.U. besluit om die donasies aan die twee klubs ten minste te probeer verdubbel. Vandaar dan ook dat die hekfooie vir die besondere wedstryde verhoog is.

As daar gedink word aan ander universiteite wat Intervarsitykaartjies teen 'n Rand stuk verkoop, is daar vir ons studente nie ruimte vir klagte nie.

## Maak gou vir eksamen

Die administrasie wil graag weer onder die aandag van die studente bring dat die eksameninskrywings op 31 Augustus sluit in sowel die voorgraadse as nagraadse eksamens in November 1967 en Januarie 1968.

Laat inskrywings sal aanvaar 1967 teen betaling van boete word tot en met 8 September van R8.00. Daarna sal geen inskrywings meer aanvaar word nie.



**„KOM NOU PUK!" — beduie ou Hansie. Hy het so goed gederigeer dat die Pukkies lekker gesing het. Dit het deels daartoe bygedra dat so 'n goeie gees Saterdag geopenbaar is.**

## Nusasleier nie meer S.A. burger

Die Regering het mnr. John Sprack, president van Nusas en voormalige Studenteraadsvoorsitter van die Rhodes-Universiteit, sy Suid-Afrikaanse burgerskap ontneem. Die stap volg op mnr. Sprack se gebruik van 'n Britse paspoort toe hy die buiteland vroeër vanjaar met 'n Abe Bailey-beurs besoek het.

## Protesteer teen druipsyfer

Seshonderd Kanadese studente van die universiteit van Saskatchewan het onlangs 'n massavergadering gehou om te protesteer teen die druipsyfer in universiteitseksamens. Volgens hulle is die buite verhouding hoë syfer te wyte aan die hope werk wat steeds op die studente gelê en steeds vermeerder word deur die owerhede. Binne 'n jaar het die druipsyfer by hulle glo verdubbel.

## Thaba Jäh gaan re-unie hou

Aangesien vanjaar die laaste jaar is wat Thaba Jäh deur dames bewoon word, beplan die huidige inwoners van die geskiedkundige ou koshuisie 'n reunie. In samewerking met die Departement Ontwikkeling hoop hulle om dit op Saterdag, 23 September te hou.

„Groot" aksies word vir die middag en aand beplan. Al die etes van die Saterdag sal gratis aan die oud-inwoners verskaf word. Alles dui daarop dat dit 'n onvergeetlike afskeid aan 'n stoere ou koshuis gaan wees!

## Akademie sterf in Spanje

Die Spaanse staatsdepartement van onderwys en Wetenskap het 'n reeks dekrete uitgevaardig wat daarop gemik is om die onderwysstelsel te verbeter. Die huidige studiestaaksyfer, waarna verwys word as „akademiese sterfte" word bereken op tussen 60 en 80 persent van alle Spaanse studente. Die studente reken egter dat hierdie hervorminge meer polities as akademies gemotiveerd is.

## Studente raak losbandig

Die jaarlikse Paasvakansielosbandigheid in Amerika het vanjaar 'n hoogtepunt bereik toe meer as 200 uit die 20,000 studente wat die strande by Fort Lauderdale, Florida, oorstroom het, op een dag gearresteer is op aanklag van dronkenskap, klipgooiery, onwelvoeglike gedrag en verset teen inhegtenisname. Die windskerms van twee polisievoertuie is stukkend gegooi en 'n polisiesersant se vingers is gebreek. Strate wat na bogenoemde strande lei moes op een tydstip gesluit word sodat die opgehoopte verkeer weer kon vloei.

## U.P. bestudeer kommunisme

'n Instituut om kommunisme, sy aanverwante en hulporganisasies te bestudeer, gaan aan die Universiteit van Pretoria in die lewe geroep word.

Die instituut, wat bekend sal staan as die Instituut vir die Tipologie van Sosiale Stelsels, is die uitvloeisel van 'n behoefte wat twee jaar gelede reeds gevoel is om die kommunisme wetenskaplik te bestudeer.

Daar word beoog om R150,000 in te samel vir die instituut. Voorlopig sal dit deur die Staatsleer-departement aan U.P. beheer word.

—DIE PERDEBY

## A.S.B. VEREER DR. VERWOERD

**As uitvloeisel van 'n mosie wat op die afgelope A.S.B.-kongres aanvaar is in verband met die huldiging van wyle dr. Verwoerd, lê die hoofbestuur van die bond op 8 September, dr. Verwoerd se verjaardag, 'n krans op sy graf.**

## TUKKIES KIES STUDENTERAAD

Die Verteenwoordigende Studenteraad van die Universiteit van Pretoria word vandag verkies. Kandidate vir die verskillende poste is gisteraand op 'n vergadering waar die rektor van U.P. ook teenwoordig was, voor-

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
GESKENKE
POTTEBAKKERY
TOMSTRAAT
888 & C
FOON

**GISELA MAIWALD**

*Fotograaf en Fotografiese dienste.*

TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

BOUQUET BLOEMISTE, STADSENTRUM, Tel. 6575.

**GROSVENOR MOTORS**

LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3

GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

**Kerkstraat 118 Potchefstroom**

TELEFOON: 3237

**LA VOGUE**

POTCHEFSTROOM SE MEES MODERNE DRAPERIE HANDEL.

**La Femme Drapers (Pty.) Ltd.**
**KERKSTRAAT 130, Telefoon 3822.**

*Met komplimente van*
**AJAX (Edms.) Bpk.**
BOEKE —

die WAPAD

23 AUGUSTUS 1967

# PUNTESTELSEL

Die afgelope Intervarsity het getoon dat die puntestelsel 'n belangrike bydrae kan lewer om die belangstelling in die mededinging tussen die verskillende sportsoorte te verhoog.

Dit is jammer dat die stelsel nie reeds vanjaar op vaste basis ingestel kon word nie en dat dit by studente van U.O.V.S. so goed as onbekend gebly het. Dit het moontlik meegebring dat die Kovsies nie dieselfde waarde aan die mededinging tussen die verskillende sportsoorte geheg het as die Pukke nie.

Dit was altyd so dat die hoofrugbywedstryd die hoogtepunt van die Intervarsity gevorm het en dat die uitslag van die wedstryd beskou is as die uitslag van die Intervarsity. Die gedagte met die instelling van die puntestelsel is nie om die belangrikheid van die wedstryd te laat afneem nie. Dit poog slegs om die geesdrif nie net in rugby nie, maar ook in die ander sportsoorte aan te wakker.

Die feit dat die Pukke vanjaar die hoofwedstryd verloor het, maar volgens die puntestelsel gewen het, behoort geen verskil aan ons houding teenoor die stelsel te bring nie. Verlede jaar het die Pukke die hoofwedstryd gewen, maar in die meeste ander sportsoorte 'n neerlaag gely. Daar moet alleen na die meriete van die saak gekyk word.

Dit moet ten slotte steeds onthou word dat dit by Intervarsity nie alleen gaan om 'n oorwinning te behaal nie, maar om die mededinging tussen die universiteite as sodanig, waarby die rugbybotsing seker altyd 'n besondere plek sal hê en waarby die geesdrif van die studente vir Intervarsity en alles wat daarmee gepaard gaan, die heel belangrikste is. Die geesdrif is glad nie deur die puntestelsel gedemp nie; inteendeel, dit is daardeur aangewakker.

Daar bestaan geen rede waarom die puntestelsel nie volgende jaar op 'n definitiewe basis kan fungeer nie.

# NABETRAGTING

Intervarsity is agter die rug. Laat ons nog vir oulaas 'n nabetragting hou:

Ons eerstespan se onvermoeide ywer kon eenvoudig nie die toestand verhelp wat onverwags teen hulle begin tel het nie. Elke speler het sy plek volgestaan in die mate van afrigting waaroor hy beskik het. Die manne het in 'n harde spel hulle eer behou ten spyte van die U.O.V.S.-vyftiental se sielkundige oorwinning. Daarom kon die dagbladpers tereg meld dat die puntetelling nie 'n getroue weergawe van die spel was nie.

Ook op die pawiljoen het die Pukke hulle eer behou. Daar is nie van ons kant af gemors met rolle papier wat beter gebruik kan word nie, niemand het op hoenderstellasies die pawiljoen opgesteier nie en oor die luidspreker is daar nie gekonsentreer op banaliteite nie.

Ook die dirigent-episode wat voor die Intervarsity afgespeel het, is agter die rug. Dit is nie nodig dat daar enigsins kwade gevoelens oor hierdie netelige saak hoef te wees nie.

Die Studenteraad het na deeglike beraadslaging en besinning sy beslissing gevel. In hierdie omstandighede sou dit egter uiter onvolwasse, kleingeestig en bekrompe wees as daar enige persoonlike verwyte teen indiwidue geslinger word. Ons beskou die saak as afgehandel.

**REDAKSIE**

Hoofredakteur : Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegniese redakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Dawid van Wyk, Marita Vermaak.
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

# In U Lig

**Lukas 11:35 „Pas dan op dat die lig in jou nie duisternis is nie."**

„In u lig." Dit is die leuse van hierdie universiteit. Maar dit is veel meer.

Dit is woorde van belydenis. Dit is woorde wat alles oorkoepel. Dit is die Evangelie van Jesus Christus.

Die lig is deur God self aangesteek en deur sy Seun in die wêreld laat skyn deur Sy prediking en heilsdade.

Nieteenstaande die duisternis van ongeloof en vervolging laat Christus hierdie lig orals in die wêreld skyn — ook vanaf Golgota. Dit is die lig van Gods genade en barmhartigheid wat uit die hemel straal.

Dit is daar vir almal om te sien. Maar hoe sien ons?

Christus sê hier: „Die lamp van die liggaam is die oog." Die oog wat alle ligstrale rondom hom opvang, dit verwerk, sodat die voet in staat is om reg te wandel, die hand in staat om raak te tas, die liggaam in staat om te beweeg sonder gevaar.

As die oog defek is, dan verkeer ook die liggaam in gevaar. Dan beweeg die liggaam met moeite. 'n Defekte oog kan die liggaam mislei.

So is dit ook in ons geestelike lewe. Die lig is wel daar, want Christus het gesterf en opgestaan — maar hoe sien ons die lig?

Hoe is dit innerlik met ons gesteld?

Hoe is dit innerlik met ons gesteld? Maklik bely ons: „In U lig sien ons die lig."

Staan ons lewe oop vir die Evangelielig?

Word ons denke, handele, genietinge, woorde daardeur beheers?

Of is dit 'n belydenis van die lippe en 'n blindheid van die hart?

„Pas dan op dat die lig in jou nie duisternis is nie."

# Deur My Lens

Die afgelope Intervarsity was weer eens 'n glorieryke oorwinning vir die P.U.! 'n Oorwinning wat ook 'n bruikbare steen is om verder mee te bou aan die P.U. se toekoms. Hierdie oorwinning kon nêrens duideliker gesien word as op die pawiljoene nie. Want dit is per slot van rekening waarin die oorwinning setel: die algemene gedrag en gesindheid!

**HOOGTEPUNT**

Die hele „Intervarsity-gees" het vanjaar meer oorspronklikheid aan die dag gelê. Huis Haak-en-Steek se onafhanklikheidsverklaring en republiekwording was 'n hoogtepunt.

**In hierdie rubriek is daar voor intervarsityweek gevra om nie weer fietse op 'n hoop te gooi en die kampus te „versier" nie. Dit is nie weer gedoen nie. Ook die tradisonele voorwerpie wat gewoonlik sy verskyning aan 'n vlagpaal gemaak het, is hierdie keer maar rustig onder die bed gelaat. Dit alles is verblydende tekens van meer oorspronklikheid en groter selfrespek.**

**SOKIEJOL**

Na die Intervarsity kon Pukke en Kovsies hulle op verskillende maniere uitleef. Ongelukkig moes 'n einde gemaak word aan 'n sokkiejol in een van ons dameskoshuise, waar 'n klompie Pukke en Kovsies net begin jolig raak het.

**ONTHAAL**

Die onthaal op die kampus was ongelukkig nie so 'n klimaks as wat moontlik was nie. Nie net was die ete in duister gehul nie, maar ook was daar geen toesprake deur groot kokkedore nie.

Dit kan beslis in die toekoms oorweeg word om nie 'n afsonderlike onthaal vir die belangrikste eerstespanspelers, deelnemers, organiseerders ens. te gee nie, maar die massa die geleentheid met hulle in kontak te kan kom.

REFLECTOR

# Ons Flitsgedagte

**GROET?**

Dit is deel van ons P.U.-tradisie — ons groet mekaar op die kampus, al is dit deur 'n kopknikkie, 'n glimlag, 'n vrolike woord of 'n handgebaar. Hierdie tradisie leef voort. Vreemdelinge wat ons kampus besoek, getuig daarvan.


So is dit goed, want groet is die elementêrste uitdrukking van gewone vriendelikheid. Dit is 'n vorm van gemeenskapsoefening en onderhouding van die gemeenskap. Daaruit spreek respek vir en erkenning van die medemens. Daarby werk groet aansteeklik en verander dit die hele atmosfeer op die kampus.

Hoe groter ons universiteit gaan word, hoe 'n belangriker plek gaan die groet inneem, want dit gaan mettertyd een van die weinige sigbare tekens van ons gemeenskapsbelewing wees.

Om dus nie te groet nie (student of dosent) is nie alleen oortreding van die wellewenskuns nie, of oortreding van die vriendelikheidsnorm nie, maar dit is ook 'n oortreding teen die gesonde gemeenskapslewe van die kampus en die toekomstige ontplooiing daarvan.

Bot buffels word egter ook dikwels opgemerk. Die enigste manier om met so 'n „toe" mens te werk, is om hom skaam te maak. Groet maar eerste; groet luid en entoesiasties en wees dankbaar as daar êrens 'n spiertjie in sy (of haar) gesig spring — dis die eerste teken dat jy 'n mens met jou groet van die geslotenheid gered het.

# NA VROLIKHEID KOM OLIKHEID ! !




## *Ons Lesers Skryf*

## PUK SÊ NEE DANKIE VIR MINIROKKE

**Geagte Redakteur, — Dit is met groot skok dat ek in Die Wapad van 9 Augustus gelees het dat daar mense aan die P.U. is wat ten gunste is van minirokke. Ek was ook baie verbaas dat Die Wapad so 'n brief opgeneem het.**

Nie net skep dit 'n slegte indruk oor die houding van die Pukke na buite nie, maar ook kan dit enkele maklik beïnvloedbare dames op ons kampus oorhaal tot onbesonne optrede. Daarna sal dit die weg open vir ander studente.

SLENTERBROEKE

Dan juis gebeur wat Neo-Verligte bepleit het; die kondisionering van die Pukstudent aan kontemporêre tendense. Stel u voor: 'n P.U. waar dames met minirokkies en slenterbroeke rondloop, sigaret in die mond en hand om die lyf met mans in nousluitende broekies, bont hemde . . . Nee dankie, dan liewer uit pas met kontemporêre tendense.

NEO-VERKRAMPTE

## GROOT SIMPOSIUM KOM OOR INTERNASIONALE POLITIEK

**Die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die P.U. stuur op Donderdag 31 Augustus 'n eerste groot poging van stapel wanneer daar in die Totiusgedenksaal 'n simposium gehou word met die tema „Die Republiek van Suid-Afrika in die Veranderde Wêreld." Na verneem word sal vyf referate gelewer word deur deskundiges op die gebied van die internasionale politiek, onder wie ook die minister van Buitelandse sake, Dr. H. Muller.**

Meer as vierhonderd gaste van oor die hele Republiek word verwag. Verteenwoordigers uit Kaapstad, Durban en ander sentra word verwag. Onder die gaste is daar 'n groot aantal lede van die Senaat, Volksraad en Provinsiale Rade; burgemeesters, staatsamptenare, offisiere in die Weermag asook rektore en dosente van ander universiteite.

REKTOR

Die verrigtinge word om 9.00 vm. geopen, waarna die rektor van die P.U., prof. Bingle, 'n woord van verwelkoming tot die teenwoordiges sal rig. Mnr. A. M. van Schoor sal as inleier tot die reeks die internasionlae toneel sedert die Tweede Wêreldoorlog ontleed. Prof. C. P. van der Walt behandel die rol en betekenis van Europa in die wêreldpolitiek.

BELEIDSVERKLARING

Vervolgens sal dr. G. D. Scholtz die rol van die Ooste, en prof. J. H. Coetzee die rol van Afrika ten opsigte van die wêreldpolitiek uiteensit. Die hoofrede word gelewer deur die minister van Buitelandse sake, Dr. Muller. Na verwagting sal die minister 'n beleidsverklaring doen.

Die verrigtinge sal waarskynlik teen 5.00 nm. agter die rug wees. Dit word verwag dat die simposium sal dien tot steun van die ontwikkeling t.o.v. die Suid-Afrikaanse buitelandse beleid.

## *DOSENT TERUG UIT V.S.A.*

Dr. N. J. Swart, senior lektor in Bedryfsekonomie aan die P.U. en mev. Swart het onlangs teruggekeer van Illinois, Amerika waar dr. Swart vir sy doktorsgraad gestudeer en met 'n proefskrif oor die teorie van

# *Dirigentskakery geniet wye publisiteit*

**DIE skakery van mekaar se dirigente deur Pukke en Kovsies en die vervanging van die Pukdirigent het wye publisiteit in verskillende dagblaaie geniet.**

**Na verneem word is daar onder die Pukke en Kovsies ook heelwat gegis oor die juiste toedrag van sake. Die Pukke is oor die algemeen daaroor eens dat die vervanging van die vorige dirigent geregverdig was, maar die meeste Kovsies het geen duidelikheid oor die rede vir die stap gehad nie.**

Baie van die studente wat oor die saak genader is, het daarop gewys dat die sg. skaakreëls deur sowel Pukke en Kovsies oortree is.

Die saak het ook weer die kwessie van die verkiesing van die dirigent na vore gebring. Hoewel die A.B.K.K. nog amptelik vir die verkiesing van die dirigent verantwoordelik is, is sowel die onderdirigent, mnr. Piet Botha, as die hoofdirigent, mnr. Hans Erasmus, uiteindelik deur die studentemassa aangewys.

LAAT

Ook wyt baie van die studente die laat verkiesing van die dirigent daaraan dat die A.B.K.K. daarvoor verantwoordelik was. Verskeie studente het die hoop uitgespreek dat die dirigent in die vervolg deur die massa aangewys sal word, en dat dit vroeër in die jaar sal geskied.

## KOVSIES WEN SKYNHOF

Die skynhof, wat 'n jaarlikse instelling is tussen die regstudente van P.U. en U.O.V.S. en saam met die Intervarsity plaasvind, is Vrydagaand deur die span van die Kovsies gewen.

Anders as verlede jaar is 'n siviele hofsaak gehou. Die U.O.V.S.-span, met mnr. A. Hattingh as die advokaat, was die eisers terwyl mnr. P. J. van der Walt van die P.U. namens die eerste verweerder opgetree het. Die tweede verweerder se regspan het uit buitemuurse studente van die P.U. bestaan.

Die landdros in die saak was mnr. J. J. Combrinck, 'n plaaslike prokureur. Hy het ook as beoordelaar van die spanne opgetree.

## „Reina del Mar" verlore

Gedurende die onlangse Regsintervarsity is 'n blou en geel sak met die naam „Reina del Mar" daarop aangebring, in 'n groen Morris-motortjie gelaat. Die eienaar het twee studente van die rugbyveld na die kampus vervoer. Die eienaar, 'n Tukkie, versoek dat die persoon in verbinding tree met Alan Wilms, Kerkstraat 1171, Pretoria of hom skakel by 74-5054, Pretoria.

## „PLAKKERSDORP" HET BAIE LAAT Oë KNIP

**Meer as een student en dosent het verlede Donderdagmore die oë weer 'n slag geknip net om seker te maak dat dit die waarheid is — 'n „plakkersdorp" oornag op die Pukkampus! Die kampeer in tente op die kampus was die breinvrug van Haak-en-Steek.**

Volgens die primarius van die koshuis, mnr. Johan van der Walt, het die gedagte reeds in die eerste semester ontstaan en danksy troue geheimhouding kon al die nodige voorbereidsels vir die oorspronklike „geesvang" op so 'n wyse geskied dat selfs die opsigters verras was by die aanskoue van so 'n snelle bivakkering.

VOORSORG

Dat die manne hul oorspronklikheid geniet het, ly geen twyfel nie, veral te oordele aan die stoele, tafels, radio en platespeler wat daar opgemerk is. Opvallend verder was die wyse waarop daar voorsorg getref is teen beskadiging van enige eiendom, selfs die grasperk. Daar is deurgaans van sesduimspykers gebruik gemaak in plaas van tentpenne, en daar is ook seile oopgesprei om te verhoed dat die gras nie deurgetrap word nie!

BELANGSTELLING

**Aan belangstelling in hierdie onderneming het dit nie ontbreek nie. Die besoekersboek wat aangehou is het 'n indrukwekkende lys name vertoon — professore inkluis. 'n Opname wat onder studente en dosente gemaak is, het bewys dat die idee algemeen byval gevind het.**

Ofskoon Kulu vir tee en koffie gesorg het, het dit nie verhoed dat Haak-en-Steek se vlag verdwyn het nie. Sporadiese pogings om ander eiendom vas te lê was ook aan die orde van die dag, maar dit het nie veel vrug afgewerp nie, alhoewel daar net in die nag doelbewus waggestaan is.

**Met die idee het Haak-en-Steek getoon dat die verhouding met die owerheid nie so sleg is as dikwels gedink word nie.**

## SASU WIL SUID-AFRIKAANSE STUDENTE VERENIG

**'n Nuwe Studenteorganisasie bekend as die Suid-Afrikaans Studenteunie (Sasu) is onlangs in Bloemfontein gestig. Die organisasie hoop om ondersteuning te kry van alle Suid-Afrikaanse universiteite en tegniese kolleges.**

Die eerste president van Sasu is 'n derdejaar B.Comm. student aan die Universiteit Kaapstad, mnr. Johan van der Bergh. Volgens mnr. Van der Bergh is Sasu gestig om die ekstremisme in studentepolitiek wat Nusas en die A.S.B. besig is om te skep, teen te werk.

**„Die A.S.B. het 'n duidelike Afrikaanse aksent en 'n besondere politieke beskouing, terwyl Nusas weer 'n oorweldigende Engelse aksent het en sy eie politieke houding. „Ons organisasie opponeer hierdie verdeling deur die twee bestaande liggame gepropageer word," het hy gesê.**

## BRUGKLUB GESTIG

'n Brugklub is verlede Woensdag aan die P.U. gestig. Daar was sowat dertig belangstellendes by die stigtingsvergadering. Die klub beoog om elke Vrydagaand 'n speelaand te hê.

Na verneem word, bestaan daar groot twyfel onder watter hoofliggaam die klub sou moet



Nuwe rigtings.
Nuwe vlugte—stralersnel.
Waar u ook al gaan,
vind u Peter Stuyvesant—
jongste van die wêreldmerke.
Ryk, keurige tabak.
Wonderfilter.
Koningsformaat—
soveel meer
om te geniet!




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Londen, Sydney, Amsterdam, Kuala Lumpur.

# „Groep 2" trek rekord-gehoor

**VERLEDE Woensdag tydens die intervarsity-joligheid is een van die mees onverwagse en grootste uitvoerings in ligte musiek in die Totiussaal aangebied. Die bekende „Groep Twee" (Sias Reynecke en Gert van Tonder) het met entoesiastiese sang groot applous by meer as duisend studente uitgelok. Nog nooit in die geskiedenis van die Puk was soveel studente teenwoordig by 'n uitvoering nie.**


**„Groep 2" het verskeie populêre liedjies gesing waaronder verskeie Afrikaanses wat in 'n nuwe aantreklike gedaante tot uitdrukking gekom het. Na feitlik elke vertolking is hulle lank en aanhoudend toegejuig. Die twee kunstenaars het beindruk met hulle aangename en gemaklike verhoogspersoonlikhede. Selfs die grappies wat hulle vertel het, was skoon en oorspronklik.**

Aan die P.U. bestaan daar 'n groot behoefte vir die tipe ligte vermaak. Dis al asof die erns wat in ons vermaaklikheidswêreld heers bietjie topswaar is. Hoekom word hulle nie weer uitgenooi nie? Sê vroeg volgende jaar.

TALENT

In 'n kort voorprogram het 'n paar studente opgetree met sangnommers en die reeds gewilde orkes van Johan van Rensburg. Laasgenoemde is 'n jong man met hope talent. Met groot gemak maak hy klassieke melodieë diensbaar aan die vrolik-ritmiese deuntjie. Op jeugdige ouderdom is hy reeds 'n meester van die klavier en etlike ander musiekinstrumente.

P.H.R.




# FLIEKS !

## POTCH. INRYTEATER

WOENS. 23 en DN. 24 AUG. — 7.00 nm.
VRY. 25 en SAT. 26 AUG. — 9.00 nm.

DR SYN, ALIAS THE SCARECROW
PATRICK McGOOHAN

VRY. 25 en SAT. 26 AUG. — 6.45 nm.

BOY, DID I GET THE WRONG NUMBER
BOB HOPE
ELKE SOMMER

## GRAND TEATER

WOENS. en DON. 23 en 24:

SMOKEY
FESS PARKER
DIANA HYLAND

VRY. 25, SAT. 26
M.G.M.'s

VENETIAN AFFAIR
ROBERT VAUGHN
ELKE SOMMER
(Kinders 4 tot 12 nie toegelaat nie).

MAAN. 28, DINS. 29, WOENS. 30 2.15 nm.

GREAT ST. TRINIANS TRAIN ROBBERY
FRANKIE HOWERD
DORA BRYAN


## KONFERENSIE OOR STIGTING VIR KUNS BEPLAN

**Op 'n vergadering van die A.B.K.K. wat op Dinsdag 15 Augustus gehou is, is belangrike besluite geneem. Daar sal vroeg in September, na die Studenteraadsverkiesing, 'n konferensie gehou word waarop die daarstelling van 'n kuns-kulturele Stigting aan die P.U. vir C.H.O. bespreek sal word.**

Tydens die vierdaagse konferensie sal aandag geskenk word aan die deelname van die student aan kuns-kulturele aksies.

Die konferensiegangers sal bestaan uit afgevaardigdes van die onderliggame van die A.B.K.K., die A.B.K.K. self, die Studenteraad, die departemente Spraakleer en Drama, Opvoedkunde en Kultuurkunde en die Potchefstroomse Kultuurraad.

Referate, waarin 'n oorsig gegee word van probleme ten opsigte van kuns-kulturele aangeleenthede sal gelewer word.

FONDS

'n Mosie is ook aanvaar om ondersoek in te stel na die moontlikheid van verdere doeltreffende veranderinge aan die Totiussaal en die stigting van 'n fonds ten einde hierdie veranderinge moontlik te maak.

Verder is besluit om die verkiesing van die onderskeie besture van die A.B.K.K. vroeër in die jaar te laat plaasvind.

## KUNSGESELSIE

Noudat die jaar feitlik leeggeloop het sal dit seker nie onvanpas wees om in 'n terugblik die jaar se kuns in oënskou te neem nie. Na my mening was dit 'n ryk jaar. So veel so dat die P.U., sy grootte in ag genome, met reg kan roem as een van die toonaangewende universiteite op die gebied.

Daar was vier interessante koshuiskonserte, ontspanning by uitnemendheid vir die breë massa. 'n Briljante opvoering van die Thornton Wilder-stuk „Ons Dorp" — letterkundig is sy waarde nie so hoog nie, maar tog het dit op 'n besondere manier 'n appél op die toeskouer, veral deur die enigsins vreemde integrasie en die behandeling van 'n tema wat diep verborge in die geheime kamers van elke mens se hart roer.

PRIKKELEND

Neem 'n mens Thalia en Alabama se opvoerings by plus (volledigheidshalwe) verskeie aanbiedinge van Meesterkonserte in die konservatoriumsaal en prikkelende tentoonstellinge van skilder- en beeldhouwerke onder in die Frans du Toitgebou, dan vertoon die geheelbeeld 'n volgehoue lewe.

**Vir almal was daar iets om aan te proe, die fynproewer sowel as die gemiddelde kunsliefhebber. Onder in die dorp het die bioskoop met flitsende neonletters en wydoopdeure die ewige „bourgeois" genooi . . . om te geniet van die populêre Amerikaanse snert afgewissel met 'n „jeugdige" Afrikaanse rolprent. (Die spul verkeer glo nog in hul kinderskoene!) Ligpunte was hier bitter skaars.**

SWAK OPKOMSTE

Behalwe vir swak opkomste orals (uitgesonder die bioskoop) is daar een saak wat my verskriklik hinder. En dit is die lekekritiek wat gevoer word op twee dramas wat onderskeidelik verledejaar deur 'n jong entoesiastiese departement op die planke gebring is. Die twee dramas is glo eksistensialisties en daarom verwerplik. Nou weet ek nie mooi of die argument nog verder inhou dat al die jong bloedjies (studente) beïnvloed sal word nie. M.a.w. elke drama wat nie die Christelike gedagte propageer nie is vir ons universiteit taboe!

DENKFOUT

**Dit is vir my 'n basiese denkfout om die kuns se bestaansmoontlikheid te beperk, om net sekere dinge, denkwyses af te sonder as verestetiseerbaar. En by 'n waardebepaling of beoordeling (miskien is bevooroordeling soms die woord) jou eie visie op die werklikheid as die enigste na te hou. Dit is onwetenskaplik, belaglik, en mens verwerp dit met die minagting wat dit verdien. Eensydigheid word later 'n geslotenheid en nog later 'n steriele verstarring!**

TRAAN

„Moeder Hanna" is voor die deur en beloof om aanskoulik te verloop. Die benouendes onder ons behoort rustig te wees tydens die opvoering en daarna, miskien sal hulle net so nou en dan 'n traan wegpink. Of, wie weet: dalk bewys die geestelike akrobate onder ons nog dat arme onskuldige Bartho Smit 'n eksistensialis is?!

**Ek hoop en vertrou dat die Departement Spraakleer en Drama 'n minder verkrampte of dalk verkrimpte (daar is nou glo drie groepe!) kans in die toekoms gaan kry. Daardie mense doen stil-stil goeie werk vir die kuns op die P.U. maar ook vir ons universiteit in die algemeen.**

P.H.R.

## SKAAK EINDIG GELYKOP NA TAAI WEDSTRYD

**Die Pukke het in die skaakkragmeting Vrydagaand gelykop met die Kovsies gespeel, nieteenstaande dat die span van die P.U. as die sterkste span beskou is. Volgens die voorsitter van die P.U.-skaakklub, mnr. Mac van der Merwe, was dit 'n baie interessante wedstryd..**

Die laaste uitslag was die van die nommer een-spelers Hans Vahmeryer van die P.U. en prof. Van Tonder van U.O.V.S. (outeur van die enigste Afrikaanse skaakboek).

In die wedstryd was prof. Van Tonder na vyf uur in die beste posisie, maar Hans Vahmeyer het met 'n baie goeie eindpoging voor die dag gekom waarna die wedstryd gelykop geëindig het. Pukke wat hul wedstryde gewen het, is Nic Vreken, Susan van der Merwe Faan de Meillon en Danie Joubert.

Die P.U. se tweede span het oortuigend gewen met 10—4.

## *Dosente kla oor verbod op boek*

Vyftig professore en lektore verbonde aan die Engelse en Afrikaans-Nederlandse departemente van die universiteite van Stellenbosch, Rhodes, Witwatersrand, Natal en Suid-Afrika het protes aangeteken by die Publikasieraad oor die verbod op Nadine Gordimer se roman „The Late Bourgeois World", en versoek dat die ban opgehef word.







**Ry in die WAPAD**
met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van
**PARK FIETSWINKEL**
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
*Onderdele — Herstelwerk*




**INSLEEP!**
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

**DIE BULT**
DAMES HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537

## *Netbal verras*

Aan die eerste netbalspan en aan Rosalie de Klerk: die Pukke is trots op julle! Die „jong spannetjie" het lof verdien toe hul die Kovsie-veterane met 27—23 die loef afgesteek het.

Die netbalklub kan nog nie 'n volle jaar agter sy naam skryf nie en reeds spog hul met 'n Intervarsity-oorwinning en dit terwyl die Kovsies van hierdie oorwinning seker was.

Ons verwag om in die toekoms nog baie van die netbalklub te hoor.

## Lekker hokkie is gespeel

Die eerste manshokkiespan het Saterdag hul wedstryd van die jaar gespeel. Hulle het spel uit die boonste rakke gelewer en het vir nog 'n verrassing gesorg toe hul die Kovsies met 4—0 kafgeloop het.

Die damespanne was minder suksesvol maar het oor die algemeen lekker hokkie gespeel. Die eerste span het baie moeite gehad om die Kovsies se Springbok-middelvoor, Anette van Pletzen, uit die doelgebied weg te hou. Sy het dan ook grootliks bygedra tot hul groot oorwinning van 6—0.

Die tweedespan se verdediging was veral goed en hulle het daarin kon slaag om die Kovsies binne hul eie halfgebied te hou. Hul neerlaag van 2—0 is dan ook nie 'n baie goeie weergawe van die spel nie.

## Tweede span in saai wedstryd geklop

**Die Kovsies se tweede span het verlede Saterdag in die hoofvoorwedstryd daarin geslaag om die van die Puk met 12—6 te klop.**

Dit was 'n wedstryd sonder veel hoogtepunte en die spelers was traag om met die bal te hardloop. Dit was eintlik 'n antiklimaks na die wedstryd van die O.19's. Die spel was deurgaans baie los, maar nogtans het die Pukke se agttal hul swaarder teenstanders goed vasgehou. In die lynstane het Gert Kruger en André de Bruin uitstekende werk gedoen en Koos Venter het op flank ook sy gebruiklike goeie spel gelewer.

**GEVAARLIK**

Die Vrystaatse agterlyn was deurgaans gevaarlik en hulle losskakel het die verdediging telkens in die lug laat gryp. Vir die Kovsies het F. Kotze, Basie Verster en W. Strydom elk 'n drie gedruk, terwyl F. Botha met 'n strafskop geslaag het. Malan het vir die Pukke 'n drie gedruk terwyl Schutte Venter met 'n strafdoel geslaag het.

## *Over de Voor wen oortuigend*

Die eerste span van Over de Voor het Saterdag hulle U.O.V.S. opponente, Stad, oortuigend met 11—3 gewen. Die rustydtelling was 3—3.

Die wedstryd is gekenmerk deur harde voorspelerspel waar vereal Barney Creighton, Blackie van Wyk en Kobus Botha uitgeblink het terwyl Basie van Pittius gesorg het dat die goeie en planmatige hanteerwerk en bewegings van die agterlyn in punte omskep word.

In die ander koshuiswedstryde het die Kovsies die sege behaal. Ook die P.U.-administrasie en die Aptekers is die loef

# So hou die Puk INTERVARSITY



Die korfbol het die P.U. oortuigend gewen. Kyk net hoe goed kan ons dames doelgooi!



Goeie gees is op die Intervarsity geopenbaar Hansie was natuurlik grootliks daarvoor verantwoordelik.



Intervarsity-tyd is 'n tyd van „lekker"-groot dinge. Hier spog die manne met hul Julievakansie-kweeksels!



Groot vrolikheid heers in die Studentesaal!



Tydens die Intervarsity hoor ons van die (Puk se) Leeu en die (Kovsie-) kat, maar ook van die Haan van Oosterhof. Baie geluk met die haan se verjaarsdag!



**Haak-en-Steek het toe mos 'n „vrye republiek" so in die Intervarsity uitgeroep! Hier „kamp" hulle uit op die kampus . . . tot groot vermaak van die studente . . . en tot groot ergernis van . . . ?**


Al die foto's in die uitgawe is deur **FOTOKUNS**

## P.U. SE TENNISSPANNE MAAK SKOONSKIP

**Die eerste en tweede damestennisspanne kan hulself op die skouer klop. Hulle het onderskeidelik 9—0 en 8—1 gewen. Die Kovsies het nie veel teenstand gebied nie. Althea van Loggerenberg het in 'n pragtige wedstryd haar opponent nie die kans gegun om tot verhaal te kom nie. Ook die ander eerstespandames het gou die oorhand gehad.**

Die tweede span moes miskien 'n bietjie harder veg maar kon, soos die telling tereg aandui,

**In die mansafdeling het die Pukke eerste span met 6—2 gewen. In totaal is 'n oorwinning**



PROFESSOR SE FILOSOFIE

„Ek is geen spekulant nie. Ek soek wel waardevermeerdering vir my geld, maar ek het nie die tyd of die temperament om my oor wisselvallighede te bekommer nie. Ek glo dus in: skokvrye sekuriteit saam met die hoogste rentekoerse! *Dit* kry ek by NASIONALE BOUVERENIGING in 'n hele reeks spaar- en beleggingsplanne waaruit 'n mens die koers kan kies wat jou pas. En daarby 'n uitkyk op sake wat strook met 'n moderne begrip van doeltreffendheid asook 'n manier van doen wat dit aangenaam maak om van jou wegsitgeld afstand te doen!"

NASIONALE BOUVERENIGING

Vir die voordeligste beleggings (Tans 4½% — 6½%)

Hoofkantoor: Posbus 2359, Pretoria. Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

# Eerste span verloor Intervarsity ten spyte van knap spel

**DIE wedstryd wat die Pukke s'n was, is toe deur die Kovsies gewen. 'n Strafdrie, 'n kwartier voor die einde, het Saterdagmiddag 'n drastiese wending in die Intervarsity tussen die Pukke en die Kovsies gebring. Die Pukke wat halftyd met 8—6 voorgeloop het en vir die grootste gedeelte van die wedstryd alles oorheers het, moes as verloorders van die veld stap. Hulle het die wedstryd met 22—13 verloor.**

**Koppies le Roux, heelagter van die Pukke, het naby sy eie doellyn vir vleuel Danie Coetzee van die Vrystaters aan die voet gegryp sonder dat hy in besit van die bal was, en die strafdrie het gevolg.**

Die Blikore het eerste punte aangeteken toe hul staatmaker, Nic Bojé met 'n maklike strafskop geslaag het. Die Pukke het egter verwoed aangeval en Dries du Plooy het skitterend geslaag met 'n strafskop, en die telling was drie punte elk.

**SUIWER**

Die Pukke se skitterende voorspelerspel en uitstekende verdediging is verder beloon toe Ibert Joubert na 'n kragtige lopie in die hoek oor is vir 'n drie. Dries du Plooy het die vervyfskop suiwer deur die pale gestuur en die Geeltruie was voor. Hierdie voorsprong was soos vla oor die poeding vir die Pukkies en hulle het nog meer doelgerig aangeval.

Hierna het die Kovsies heeltemal teen die verloop van die spel punte aangeteken toe Bojé reg voor die Pukke se pale met sy tweede strafskop geslaag het. Telling 8—6.

**STRAFDRIE**

Toe het die strafdrie gevolg en Nic Bojé se vervyfskop het die telling 11—8 gemaak. Die voorsprong van drie punte was nie alleen teen die verloop van die spel nie, maar dit het ook heelwaarskynlik die Pukke se planmatigheid tot sover in die wiele gery.

Nog 'n strafskop deur Bojé het die telling opgeskuif na 14—8 en 'n mooi drie deur Gerrit Coetzer, flank van die Kovsies en wat vervyf is deur Bojé het die telling 19-8 gemaak. Dit het gelyk asof die koeël deur die kerk was, maar die Pukke het nie gaan lê nie. Slot Piet Brandt het 'n skitterende drie gaan druk wat deur Du Plooy vervyf is en die Pukke het weer moed geskep.

**VUUR**

Die Kovsies wat nou met 'n bietjie vuur begin speel het, het weer punte aangeteken toe vleuel Danie Coetzee na 'n mooi lopie gaan druk het. Dit het die telling opgeskuif na 22—13 wat ook die eindtelling was.

**Die puntetelling is egter nie 'n getroue weergawe van die wedstryd nie. Die Pukke se voorspelers het absoluut skitterend vertoon en gedurig vorentoe gedryf met Piet Brandt, Willem Scott en Dollie de la Porte aan die voorpunt. Die gevaarlike agterlyn van die Kovsies het ook geen beweegruimte gehad nie en daardeur is die bal van hul moeilike vleuels weggehou.**

Die Geeltruie het die skrums en die lynstane heeltemal oorheers en die Kovsies moes aanhoudend walgooi. Na die strafdrie het die Pukke egter die kluts kwytgeraak en die Kovsies kans gegee om punte aan te teken.

In die los het die losvoorspelers van die Pukke geskitter en telkens 'n beweging op tou gesit. Koekoes Reinecke was die Kovsies se beste voorspeler. Die wedstryd het 'n paar keer gedreig om handuit te ruk en die vuiste het geswaai.

Die Pukke het uit die staanspoor die patroon gevolg wat hulle verlede jaar laat wen het. Jannie Schutte en Christo Holtzhausen het elke keer seker gemaak dat hulle die bal met rente terugstuur. Nic Bojé aan Kovsiekant was ook maar net 'n skopskakel eerder as 'n losskakel. Sy skopskoen het dan ook die knoop vir die Kovsies deurgehak.

Onder die Pukke het almal soos een man uitgeblink en om die eerlike waarheid te sê, moes hulle gewen het—die beste span het die wedstryd verloor. Hulle het die wedstryd met hul foutlose voorspelerspel in hul hande gehad.

Onder die agterspelers het Du Plooy, Holtzhausen en Joubert vir die Pukke en Joggie Jansen en Steve Strydom vir Kovsies uitgeblink. Die Pukke het met eer uit die stryd getree en geen vinger van verwyt kan na hulle gewys word nie — volgende jaar is nog 'n Intervarsity.

J. C. S.

## Korfbal seëvier

**Die 46—16 oorwinning van die korfbalspan spreek vanself. Onder die vasberade leiding van Janette Wissing het die span gespeel soos sy voorspel het, om daarmee by te dra tot die P.U. se intervarsity-sege.**

# Sokker verloor teen „Beroeps" - Kovsies

**Die sokkerspan van die Kovsies het Saterdag daarin geslaag om die span van die Pukke met 6 doele teen 1 te klop. Alles in ag geneem het die Pukke egter baie goed gevaar teen hulle sterk teenstanders.**

Daar was skynbaar 'n groot verskil tussen Kovsies se twee spanne — 'n verskil wat die Pukke heeltemal onverhoeds getref het en feitlik lamgeslaan het. Dit is jammer dat die Pukke eers later moes hoor dat hulle teen net twee studente gespeel het en 9 „ander" spelers waarvan talle beroepspelers. Boonop is die Pukspan erg deur beserings gepla en moes daar noodgedwonge veranderings gemaak word.

**PUIK**

Alan Mcleod het die P.U. se enigste doel aangeteken nadat 'n strafskop aan die Potchefstromers toegeken is. Hy was ook een van die weinige uitblinkers in die Pukspan, want sy verdediging was puik en hy was altyd op die voorpunt as daar aangeval is.

**SKITTEREND**

Die tweedespan van die P.U. het met 2—1 gewen en vir 'n baie goeie vertoning gesorg. Piet van Zyl het die P.U. se eerste doel aangeteken en Danie Gouws die tweede. Altwee hierdie doele was skitterende stukkies werk. Kovsies het 'n doel aangeteken na 'n strafskop naby die Pukke se doel. Uitblinkers in hierdie wedstryd was Danie Gouws, Basjan Jacobs en Konstant van der Walt.

# O/19's SORG VIR MOOI WEDSTRYD

**In een van die mooiste wedstryde van die dag het die O.19-span van die Puk Saterdag daarin geslaag om die Kovsies se derde span met 11—0 te klop.**

Die jongspan het met skitterende spel vorendag gekom en hul swaarder teenstanders in elke afdeling van die spel oortref. Voor- en agterspelers het uitstekend gekombineer en dit was veral die Pukke se agterlyn wat besonder gevaarlik vertoon het.

Tienie van Schoor, Basjan Reinhardt, Barend Venter en Dawid van Aswegen het onder die voorspelers uitgeblink, hoewel al agt se name hier genoem kan word.

Onder die agterspelers het die geeltruie se losskakel, Johann Swanepoel vernuftige spel gelewer en sy twee gevaarlike senters, Chris Swanepoel en Jannie Barnard het met sprankelende lopies vorendag gekom. Gert Lategan het op vleuel die Kovsies harde bene laat kou en op heelagter het Herman Kleynhans stewig vertoon.

**AFGEROND**

Vir die Pukke het Barend Venter, Gert Lategan en Basjan Reinhardt elk 'n drie gedruk waarvan Johann Swanepoel een vervyf het. Veral die drieë van Venter en Gert Lategan het die toeskouers op hul voete gehad. Albei is van die halflyn af aangevoer deur senters Swanepoel en Barnard wie se werk deur goeie ondersteuning afgerond is.

L.S.D.

# Judo, stoei en tafeltennis deur Pukke ingepalm


**Die Judospan van die P.U. het die Kovsies Vrydag met 8 teen 'n half verslaan. Oorwinnings is behaal deur Paultjie de Bruin, Johan Oosthuizen, Bertie Pretorius, Len Goodchild, Soapy Williams en Ponna Kruger. Theuns Burger het ook uitstekend geveg en hy was ongelukkig om met 'n halwe punt te verloor.**

In die stoei was die Pukke weereens bobaas en het met 8 gevegte teen 1 geseëvier. Bennie van Zyl het albei sy gevegte met 'n val gewen. Pierre Jacobs het ook albei sy gevegte met punte gewen. Die Kovsies het hul enigste geveg gewen met 'n val teen Kobus Booyens.

Die ander oorwinnings is behaal deur Johan Boshoff, Kasper Kruger, Jan Pretorius en Wollie Wolmarans. Dit is hieruit duidelik dat die Kovsiestoeiers nog nie opgewasse is teen die Puk se kragmanne nie.

Die Puk se tafeltennisspelers het ook hul teenstanders oorrompel. Die eerste span het met 12—0 gewen. Die 2de span 8—4, die 3de span verloor 9—3 en die 4de span ook 9—3. Goeie spel is gelewer deur Piet van der Walt, Charl du Plessis, Colin Clegg en Willie Coetzee. Die damespan het met 6—6 gelykop gespeel. Hier het mej. S. M. Steyn van die Puk haar onderskei. G. Uys van die mansspan het uitstekende spel gelewer en al drie enkelspelwedstryde gewen.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**



## Landlooptitel vir P.U. behaal

Louis van Wijck van die P.U. het verlede Saterdag 'n skitterende vertoning by die Suid-Transvaalse landloopkampioenskappe gelewer toe hy die atletiekunie se landlooptitel ingepalm het. Die kampioenskap is by Wemmerpan beslis. Van Wijck se wentyd was 32 min. 35 sek. vir die afstand van 6.8 myl.

Ander Pukke wat ook deelgeneem het is George Muldner, Wouter Uys en Bea Marais.

**Saterdag het Louis van Wijck ook die Wes-Transvaalse land-**

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.